



## Finansies Beleid: Instel en bedryf van interne finansiële heffings

<b>Tipe dokument:</b>	Beleid
<b>Doel van die beleid:</b>	Die goedgekeurde prosedure wat gevolg moet word vir die instel en bedryf van enige interne finansiële heffing vir dienste en/of produkte wat enige omgewing binne die Universiteit aan 'n ander omgewing binne die Universiteit lewer.
<b>Goedgekeur deur:</b>	US Raad
<b>Goedkeuringsdatum:</b>	5/4/2009
<b>Implementeringsdatum:</b>	2009
<b>Datum van volgende Hersiening:</b>	Soos nodig
<b>Datum(s) van vorige Hersienings:</b>	Geen
<b>Beleideienaar<sup>1</sup>:</b>	Uitvoerende Bedryfshoof
<b>Beleidkurator<sup>2</sup>:</b>	Hoofdirekteur: Finansies
<b>Sleutelwoorde:</b>	Interne Finansiële Heffing, Interne Omgewing, Finansiële Heffing
<b>Geldende Weergawe:</b>	Ingeval van geskille ten opsigte van interpretasie, word die Engelse weergawe van hierdie beleid as die geldende weergawe aanvaar.

US Beleide is beskikbaar by [www.sun.ac.za/policies](http://www.sun.ac.za/policies)

<sup>1</sup> Beleideienaar: Hoof(de) van Verantwoordelikeheidsentrum waarbinne die beleid funksioneer.

<sup>2</sup> Beleidkurator: Administratiewe hoof van die afdeling verantwoordelik vir die implementering en instandhouding van die beleid.

**2.24****DIE INSTEL EN BEDRYF VAN INTERNE FINANSIËLE HEFFINGS**

**Bestek:** Die goedgekeurde prosedure wat gevolg moet word vir die instel en bedryf van enige interne finansiële heffing vir dienste en/of produkte wat enige omgewing binne die Universiteit aan 'n ander omgewing binne die Universiteit lewer.

**Beleid:**

Indien enige interne omgewing van die Universiteit 'n finansiële heffing wil instel en bedryf moet die volgende prosedure gevolg word en die volgende goedkeurings verkry word:

- 'n Volledige uiteensetting van die rasionaal en berekeningsbasis vir die voorgestelde interne heffing moet aan die betrokke Verantwoordelikhedsentrumhoof voorgelê en skriftelik deur die betrokke VS-hoof aanbeveel word.
- Die volledige voorstel en aanbeveling in 1 moet aan die Senior Direkteur: Finansies voorgelê word vir skriftelike aanbeveling aan die Finansies Komitee (FK).
- Die FK vergader ingevolge die goedgekeurde Reglement minstens tweemaandeliks. Datums vir die sluiting van die agenda kan by die Direkteur: Finansies (Sekretaris van die FK) verkry word.
- Die interne heffing tree in werking op 'n datum soos goedgekeur deur die FK.
- Enige wysiginge in interne heffings, wat ook aanpassings in tariewe insluit, moet ook volgens hierdie beleid goedgekeur word.
- Jaarlikse aanpassings in bestaande interne heffings moet in oorlegpleging met die betrokke kliënte-omgewings plaasvind en moet in diensleweringsooreenkomste opgeneem word.

**Kontak afdeling:**

Finansies